

**DIE BELEID EN OPTREDE VAN DIE VRYSTAATSE REGERING
GEDURENDE DIE ONTWAPENINGSOORLOG IN BASOETOLAND,
1880 - 1881**

C.C. Eloff

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Ten einde die rus, orde en veiligheid binne die grense van die Kaapkolonie sowel as in die gebiede onder sy jurisdiksie te verseker, het die Kaapse parlement in Mei 1878 besluit om 'n einde te maak aan die vryhandel in vuurwapens en ammunisie met die Swartes. Op 2 Augustus van hierdie jaar is die "Act for the Better Preservation of Peace within the Colony" - kortweg die "Peace Preservation Act" genoem - deur die parlement geloods. Hierdie wetgewing is in April 1880 pertinent op Basoetoland van toepassing gemaak : hiervolgens is die Basoeto's aangesê om hul gewere voor 21 Mei 1880 prys te gee of die risiko van swaar boetes of selfs gevangenisstraf te loop.¹ Spoedig na die uitvaardiging van hierdie proklamasie het dit egter duidelik geword dat die oorgrote meerderheid Basoeto's (die sg. rebelle) hulle nie met die wederregtelike onteiening van hul wapens kon vereenselwig nie en gevolglik bereid sou wees om vir die behoud daarvan te veg.²

Met die dreigende wapenbotsing tussen Blank en Swart ophande in sy oostelike buurstaat, was die posisie van die Oranje-Vrystaat uiters delikaat. Terwyl daar allerwee besef is dat die jong Boererepubliek weens sy strategiese ligging nie geheel en al buite die gedrang van die ooglog sou kon bly nie, het die regering tog gehoop dat dit vir die Vrystaat nie nodig sou word om aktief aan die stryd in Basoetoland deel te neem nie. Die reeks oorloë teen die Basoeto's gedurende die vyftiger- en sestigerjare het nog vars in die geheue gelê en die Vrystaatse bewindhebbers sou, gedagtg aan die swaar finansiële laste en verlies aan menselewens en eiendom wat deur hierdie botsings teweeggebring is, alles in werking probeer stel om nie weer in 'n oorlog betrek te word nie.

Hoe prysenswaardig hierdie standpunt ook al was, sou die toekoms weldra uitspraak lewer oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. In sy pogings om 'n beleid van vryblywende neutraliteit te handhaaf, het die regering van die Oranje-Vrystaat met allerlei probleme te kampe gehad wat hom sou noop om hierdie standpunt by omstandighede en eise van die tyd aan te pas.

1. Vir die bepalinge van hierdie proklamasie kyk C.2569-'80, Correspondence respecting the affairs of Basutoland, pp. 27-30; vgl. ook A. 12-'80, Copies of all correspondence on the subject of the disarmament of the Basutos: Proklamasie van J.G. Sprigg en H.B.E. Frere, 6.4.1880, pp. 19-21.
2. Vrystaatse Argiefbewaarplek (V.A.), G.S. 773, Goewermentsekretaris, inkomende brieue (distrikte : Ladybrand) : A.P.J. Diederichs - J.H. Brand, 26.6.1880, p. 119 en J.I.J. Fick - J.H. Brand, 10.7.1880, p.134; R.C. Germond (ed.) *Chronicles of Basutoland*, Morija, 1967, p. 367; kyk ook C. 2569-'80, Correspondence respecting the affairs of Basutoland, pp. 27-30; Mohato Letsie - H.B.E. Frere, 21.1.1880, p. 12.

Samewerking met die koloniale regering

Teen omstreeks die helfte van 1880, toe alles daarop gedui het dat oorlog in Basoetoland onafwendbaar was, het die regering van die Kaapkolonie besluit om wapens en ammunisie aan die amptenare in dié gebied te verskaf om wet en orde te handhaaf.³ Weens die bergagtigheid van die terrein sou dit moeilik wees om voorrade of 'n troepemag langs 'n oostelike of suidelike roete na Basoetoland te stuur. Die aangewese roete was dus van die westekant af deur die Vrystaat. Met die oog hierop het die koloniale regering toestemming van die Vrystaatse regering gevra om 'n besending wapentoerusting vanaf Kaapstad oor Rouxville, Wepener en langs die westelike oewer van die Caledonrivier tot by Jackmansdrif naby Ladybrand, en daarvandaan na Maseru te vervoer.⁴ Hierdie versoek is toegestaan en opdrag is aan die landdros van Rouxville gegee om die nodige samewerking aan die koloniale amptenare te verleen.⁵ In weerwil van die huiwering van die Vrystaatse bewindhebbers om op direkte wyse by die wapenstryd in Basoetoland betrokke te raak, is hulp van indirekte aard tog dikwels aan die koloniale regering verleen. Voor die uitbreek van die Ontwapeningsoorlog het die eerste minister van die Kaapkolonie, die goewerneursagent in Basoetoland versoek om onderhandelinge met die Vrystaatse staatshoof aan te knoop sodat 'n posdiens met perde tussen Maseru en Bloemfontein ingestel kon word. Sodoende sou die koloniale regering op die hoogte van verwikkelinge in Basoetoland gehou kon word.⁶ Nog geen week later nie het pres. Brand die Kaapse goewerneur meegedeel dat hy reeds reëlings getref het vir die instelling van so 'n spoedposdiens vanaf Jackmansdrif oor Thaba Nchu na Bloemfontein.⁷ Die waarde van hierdie posdiens het veral geblyk toe die oorlog in volle gang was en die hoofstad deur Basoetorebelle beleer⁸ was. Die spoedposverbinding met Bloemfontein was in daardie stadium die enigste kommunikasiemiddel wat inwoners van Maseru nog met die buitewêreld gehad het. Gedurende die oorlog is ook toestemming gegee aan koloniale troepe om heliografiese stasies aan die Vrystaatse kant van die grens digby Wepener op te rig waardeur kommunikasie tussen Kaapstad, Maseru en Mafeteng aansienlik vergemaklik is.⁸

Hierdie hulpverlening aan en samewerking met die regering van die Kaapkolonie was nie 'n onberekende stap of selfs 'n verrassende wending in die buitelandse beleid van die Oranje-Vrystaat nie. Samewerking tussen die regerings van die Vrystaat en sowel dié van Engeland as die Kaapkolonie strek terug tot in pioniersjare van die

-
3. Lesotho Archives, Maseru (L.A.), S. 9/1/3/4, Governor's Agent's office correspondence (miscellaneous letterbook) : W. Ayliff - C.D. Griffith, 26.6.1880.
 4. V.A., G.S. 1195, Goewermentsekretaris, inkomende stukke (buiteland : Goeweneur en Hoë Kommissaris van die Kaapkolonie) : L. Smyth - G.S., 29.6.1880.
 5. V.A., G.S. 1607, Goewermentsekretaris, uitgaande stukke (distrikte : Rouxville) : G.S. - Landdros Rouxville, 1.7.1880, p. 187; Kaapse Argiefbewaarplek (K.A.), G.H. 10/6, Government House, letters received from the President of the O.F.S. Republic : J.H. Brand - L. Smyth, 4.7.1880.
 6. A.22-'81, Telegraphic correspondence between the Colonial Secretary and Governor's Agent, Basutoland : J.G. Sprigg - C.D. Griffith, 21.7.1880, p. 8.
 - C. 2755-'81, Correspondence respecting the affairs of Basutoland : (Tel.) J.H. Brand - H.B.E. Frere, 26.7.1880, p. 44.
 8. J. Walton, "Old Maseru", in *Basutoland Notes and Records*, vol. 4, 1963-64, pp. 9-10; *The Friend*, 5.8.1880, berig; G. Tylden, "The Basutoland rebellion of 1880 - 1881", in *Journal of the Society for Army Historical Research*, xv (58), 1936, p. 99.

Boererepubliek. Bewys hiervan is die talle verdrae en ooreenkoms wat deur Britse en koloniale amptenare met die Basoeto-opperhoof Mosjesj en die owerheid van die Oranje-Vrystaat gesluit is t.o.v. grensreëlings, wapenstilstandooreenkoms, vredesvoorwaardes, en so meer. Die inlywing van Basoetoland in 1871 deur die Kaapkolonie het die Vrystaatse regering in nog nouer aanraking met laasgenoemde gebring aangesien betrekkinge tussen die republiek en sy oostelike buurstaat voortaan uitsluitlik deur die koloniale regering sou geskied.

In sy openingsrede voor die Volksraad in Mei 1879 het pres. Brand pertinent melding gemaak van die hartlike samewerking en goeie gesindheid wat daar wedersyds tussen die regerings van die Vrystaat en Kaapkolonie bestaan het, en sy dank uitgespreek jeens die bereidwilligheid van die owerheid in dié gebied "om met ons mede te werken in alles wat tot den vooruitgang van Zuid-Afrika strekken kan".⁹ Sowat 'n jaar later het die landdros van Ladybrand dit ook duidelik aan die goewerneursagent in Basoetoland gestel dat die Vrystaatse regering meer baat sou vind by hulp aan die koloniale regering as om die Basoeto-opstandelinge te steun. Volgens die landdros, W.H. van B. van Andel, was dit ondenkbaar dat hulp aan die "aartsvyande" van die Vrystaat ten koste van die Blanke regering van die Kaapkolonie verleen sou word.¹⁰

Aan die begin van September 1880, en sowat twee weke voor die eerste werklike skermutseling tussen koloniale troepe en die opstandige Basoeto's, het die koloniale sekretaris die Vrystaatse regering versoek om geen simpatie teenoor die rebelle te openbaar of selfs morele steun aan hulle te gee nie. Deur 'n gesamentlike front met die koloniale owerheid teen die opstandelinge te vorm, sou die Oranje-Vrystaat 'n positiewe bydrae lewer "in upholding the supremacy of the European race which is now called in question by the action of certain chiefs in Basutoland".¹¹ In die Kaapkolonie is daar inmiddels met die organisering van 'n militêre mag begin ten einde die Blanke amptenare en lojale Basoeto's, wat aan die ontwapeningsproklamasie gehoor gegee het, te gaan bystaan. 'n Versoek is tot die regering van die Oranje-Vrystaat gerig dat die troepe oor sy grondgebied na Basoetoland mog trek. Aangesien die Volksraad ten tyde van hierdie versoek nie in sitting was nie, het pres. Brand die Uitvoerende Raad genader wat op 10 September die nodige goedkeuring daarvoor verleen het.¹²

Deur die Basoeto's met militêre ingryping te probeer dwing om hul wapens prys te gee, het die koloniale regering meer hooi op sy vurk geneem as wat hy kon behartig. Derhalwe moes troepeversterkings sporadies na Basoetoland gestuur word en telkens moes eers toestemming van die Vrystaat verkry word dat die troepe oor sy grondgebied mog trek. Eers op 13 Oktober en daarna 25 Oktober 1880 is die gevraagde verlof toegestaan om 200 berede troepe uit Kimberley en 300 vanaf Transvala na Basoetoland te stuur.¹³

9. O.V.S. *Volksraadnotule*, 6.5.1879, p. 16; kyk ook *The Friend*, 8.5.1879, berig.

10. L.A., S.9/1/3/4 ... : C.D. Griffith - J.G. Sprigg, 28.7.1880.

11. V.A., G.S. 1226, Goewermentsekretaris, inkomende stukke (buiteland : Kaapkolonie): J.G. Sprigg - J.H. Brand, 1.9.1880.

V.A., U.R.9, Notule van die O.V.S. Uitvoerende Raad, 10.9.1880, p. 110.

C. 2821-'81, Correspondence respecting the affairs of Basutoland : G.S. - G.C. Strahan, 13.10.1880, p. 61; V.A., U.R.9..., 25.10.1880, p. 147.

Nieteenstaande hierdie vergunning was die regering van die Oranje-Vrystaat hoegenaamd nie van voorneme om daadwerklik tot die stryd in Basoetoland toe te tree nie. Tydens 'n besoek aan Ficksburg in September het pres. Brand die regeringstandpunt hieroor aan 'n groep grensbewoners verduidelik. Hy het verklaar dat hulp aan die koloniale regeringstroepe beperk sou bly tot toestemming om deur die Vrystaat te trek, maar dit beklemtoon dat geen inwoner van die staat toegelaat sou word om aan hierdie troepe se kant teen die Basoetorebelle te gaan veg nie.¹⁴

Teen die einde van Oktober 1880 terwyl volskaalse oorlog reeds in sy buurstaat gewoed het, het die Uitvoerende Raad inwoners van die Vrystaat uitdruklik verbied om hulle op enige wyse met die oorlog in Basoetoland te bemoei. By wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant is burgers tewens gewaarsku om "zich ten stipste te onthouden van eenige daad van handeling, waardoor de rust en veiligheid der grenzen verstoord zou worden en dat ze zich op generlei wijze zullen inmengen in de onlusten, die door den opstand en het gewapende verzet der Basutos tegen hunne regering in Basutoland ontstaan zijn."¹⁵ Twee dae later het Brand dit ook duidelik aan die Kaapse regering gestel dat die Oranje-Vrystaat dit onder geen omstandighede kon toelaat dat sy inwoners aan die kant van die koloniale troepe gaan veg nie. Hy het daarop gewys dat sy regering, "being on the most friendly terms with the Cape Government, has done what it could to facilitate the passage of troops to suppress the rebellion, but to allow such application (militaire hulp deur sy burgers) will place life and property of our border in danger, and will bring serious loss on many of our frontier farms"¹⁶

Toe die Volksraad in Februarie 1881 vir 'n buitengewone sitting vergader, het pres. Brand dit beklemtoon dat die Vrystaat hom tot dusver nog "buiten eenige inmenging in die Basuto kwestie gehouden hebben". Hy het die lede egter meegedeel dat hy in oorleg met die Uitvoerende Raad besluit het om die versoek van die koloniale regering, "aan wie wij door gemeenschappelijke belang en vele naauwe betrekkingen verbonden zijn, toe te staan, en doortocht van en naar Basutoland door desen Staat aan de Koloniale krijgsmacht te verleenen".¹⁷ Die Raad het hierdie besluit goedgekeur, dog talle lede het voorstelle ingedien wat daarop gemik was om voortaan beperkinge op die vryhede en bewegings van troepe te lê, onder meer dat hulle slegs langs sekere roetes kon beweeg wat vooraf deur die Vrystaatse regering bepaal is, dat hulle elke dorp waardeur hulle sou trek ses dae tevore van hul koms moes verwittig, en dat die militêre outhoorn van die troepe moes onderneem om nie die rus en vrede op hul roetes te versteur of langer op plekke te vertoef as wat volstrek nodig was nie.¹⁸ In April 1881 is derhalwe verlof aan 450 troepe toegestaan om oor Vrystaatse grondgebied te trek op voorwaarde dat die rus en veiligheid van die grensbewoners nie daardeur in gedrang gebring word nie.¹⁹

Toe sir Hercules Robinson aan die begin van 1881 as nuwe Kaapse goewerneur

-
14. *The Friend*, 30.9.1880, berig deur Ladybrand-korrespondent ; vgl. ook V.A., G.S. 773 J.D. Cilliers, Ficksburg - J.H. Brand, 24.7.1880, pp. 157-159.
15. V.A., U.R.9..., 25.10.1880, pp. 146-147; O.V.S. *Gouvernement Courant*, 27.10.1880.
16. C.2821-'81, ... : J.H. Brand - G.C. Strahan, 29.10.1880, p. 62.
17. Kyk O.V.S. *Volksraadnotule*, 17.2.1881, p. 9.
18. *Ibid.*, 18.2.1881, pp. 15-22.
19. V.A., U.R.9 ..., 12.4.1881, p. 256.

diens aanvaar, het die Ontwapeningsoorlog reeds vir meer as vier maande voortgesleep. Die Basoeto's het in hierdie oorlog swaar verliese aan lewens en besittings gely terwyl die regeringstroepe so uitgedun was dat albei kante bereid was om vrede te sluit sonder dat een 'n besliste oorwinning behaal het. Onderhandelinge tussen die koloniale regering en rebelleleiers soos Lerotholi Letsie en Joel Molapo het uiteindelik ook gelei tot die sogenaamde "Robinson Award" waardeur die oorlog in April 1881 amptelik beëindig is.²⁰

Aangesien die uitvaardiging van die "Award" die moontlikheid laat ontstaan het dat groot getalle troepe uit Basoetoland onttrek sou word, het die bespreking gedurende die jaarlike sitting van die Volksraad in Mei 1881 hoofsaaklik gehandel oor die beleid wat jeans teruggeskrapte troepe gevvolg moes word. Verskeie raadslede het beswaar aangeteken oor die moontlike ontbinding van die koloniale troepemag op die Vrystaatse grens. Die meerderheid lede het hulle nietemin ten gunste van voortgesette hulp aan die koloniale regering uitgespreek. Sommige was die mening toegedaan dat die Basoeto's alleen doeltreffend onderwerp kon word indien die Vrystaat steeds op indirekte wyse hulp aan die Kaapkolonie sou bied deur sy troepe die reg te gee om oor Vrystaatse grondgebied te trek. Die Kaapkolonie was immers besig om 'n stryd ook ten behoeve van die Vrystaat te voer, en indien die Basoeto's as oorwinnaars uit hierdie stryd tree, sou die inwoners van die jong republiek genoodsaak wees om self die wapen teen hulle op te neem. Ter bevordering van vrede was dit dus nodig dat die Basoeto's sou weet dat die Vrystaat bereid was om troepe van die wettige heerser oor sy grondgebied toe te laat. Met 'n meerderheid van agt stemme is eindelik besluit om die deurtog van koloniale troepe steeds toe te laat mits vroegtydig daarvoor aansoek gedoen word en dit nodig blyk te wees.²¹

Die besluit van die koloniale regering dat dit nie enige sin of betekenis sou hê om ná die "Robinson Award" 'n sterk gewapende mag in Basoetoland te laat aanbly nie, het gedurende Augustus 1881 inderdaad 'n grootskaalse onttrekking van troepe uit dié gebied tot gevvolg gehad.²² Hoe ruimskoots die regering van die Kaapkolonie van hierdie vergunning van die Vrystaatse owerheid gebruik gemaak het, dat troepe oor sy grondgebied kon beweeg, blyk duidelik uit die feit dat daar gedurende die tydperk 10 Junie tot 12 Augustus 1881 meer as 1 800 troepe oor Vrystaatse gebied verby of deur Rouxville na die Kaapkolonie getrek het.²³

Indirekte hulpverlening aan lojale Basoetovlugtelinge

Die kwessie van hulpverlening aan die koloniale troepe was egter nie 'n saak wat die Vrystaatse regering die meeste hoofbrekens sou besorg nie. Een van die neteligste vraagstukke waarvoor die regering inderdaad gedurende die Ontwapeningsoorlog te staan gekom het, het vroeg in Julie 1880 opgedruik. Om aan die getalsterker

-
20. A.44-'81, Minutes, telegrams and other correspondence with reference to Basuto negotiations for peace ...: Robinson Award, 29.4.1881, pp. 36-37.
O.V.S. Volksraadnotule, 3.5.1881, pp. 22-24, 6.6.1881, pp. 280-283 en 7.6.1881, p. 288; K.A., G.H. 10/6,... : J.H. Brand - H.G.R. Robinson, 9.6.1881.
 22. E. Bradlow, "The Cape Government's rule of Basutoland 1871-1883" (*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 31(2), 1968, p. 176).
 23. Vgl. V.A., G.S. 1481, Goewermentsekretaris, uitgaande telegramme aan landdros van Rouxville, pp. 21, 51 en 55.

gewapende rebelle te ontkom wat hulle wou straf omdat hulle aan die koloniale ontwapeningsbevel gehoor gegee het, het lojale Basoeto's oor die grens gevlug en op naburige grensplase in die Vrystaat gaan skuiling soek. Aanvanklik het pres. Brand en sy regering hierdie wanpraktyk maar oogluikend toegelaat omdat dit nog nie in 'n grootskaalse uittog na sy grondgebied ontaard het nie. Dog toe die resident-magistraat van Leribe die Vrystaatse regering met 'n amptelike versoek nader dat lojale Basoeto's se vee na die veiligheid van sy grensdistrikte gejaag kon word, het die saak 'n ander wending geneem.²⁴

Vrystaatse hulp aan die lojaalgesinde Basoeto's sou nie slegs neerkom op 'n skending van die amptelike beleid van neutraliteit nie, maar kon veral ernstige gevolge vir die grensbewoners inhoud. Dit kon meebring dat die rebelle uit weerwraak vir hulp aan die lojales, die Vrystaatse grens kon oorskry en grensboere se lewens en eiendom in gevaar stel. Gevolglik sou die Oranje-Vrystaat direk by die wapenstryd in Basoetoland betrokke raak.²⁵ Op 24 Julie 1880 het David Masupha, een van die rebelleleiers, huis 'n waarskuwing tot die landdros van Ladybrand gerig om nie toe te laat dat lojale Basoeto's hulle op Vrystaatse grondgebied gaan vestig of skuilhou nie. "If you do not stop them," het sy bedekte dreigement gelui, "they will bring bad example in your country."²⁶ Sowel Masupha as Barend Letsie het kort hierna ook ten sterkste beswaar by pres. Brand aangeteken omdat lojale Basoeto's met hul vee na die Vrystaat kon uitwyk. Letsie het trouens gekla dat groot troppe van sy vee reeds deur die vlugtende lojales gesteel en saam met hul eie na Vrystaatse grondgebied deurgejaag is - 'n praktyk wat volgens hom maklik 'n oorlog met die Blanke buurstaat kon ontketen.²⁷

Toe die Ontwapeningsoorlog in September 1880 uitbreek, het die probleme vir die Vrystaat ook eensklaps vermeerder. Die gevaar het bestaan dat duisende Basoeto's met hul gesinne en vee na die grensdistrikte kon stroom sonder dat iemand hulle sou kon keer - hierdie toedrag van sake kon meebring dat veral Vrystaatse grensbewoners die spit sou moes afbyt terwyl die vlugtelinge voordeel uit die situasie sou put aangesien die Vrystaat "hun pad niet toemaakt".²⁸ In hierdie woorde word die dilemma waarin die Vrystaat hom bevind het duidelik weerspieël: met slegs 'n vlak rivierloop as grenskeiding tussen Vrystaatse grensplase en die strydkerf in Basoetoland, by gebrek aan 'n Vrystaatse mag om hierdie grenslyn te bewaak en veral weens die onvermoë en onwilligheid van die koloniale regering om 'n sterk troepemag teen die rebelle in die veld te stoot of die lojales te beskerm, sou die inwoners van die Oranje-Vrystaat maar die ongerief van Basoetovlugtelinge en -vee op hul plase moes verduur.

In 'n poging om te verhoed dat vlugtelinge se vee in die Vrystaat deur rebelle

- 24. L.A., L.2/1/2, Leribe district commissioner and magistrate, letters despatched : C.H. Bell - G.S., O.V.S., 22.7.1880, pp. 92-93.
- 25. V.A., G.S. 1603, Goewermentsekretaris, uitgaande stukke (distrikte : Ladybrand) G.S. - Landdros Ladybrand, 20.7.1880, p. 25 en 22.7.1880, p. 26; G.S. 773, ... : J.D. Cilliers, Ficksburg - J.H. Brand, 24.7.1880, pp. 157-159 en A.P.J. Diederichs, Ladybrand - G.S., 26.7.1880, p. 161; J.M. Mohapeloa, *Government by proxy : ten years of Cape Colony rule in Lesotho 1871-1881*, Morija, 1971, p. 59.
- 26. V.A., G.S. 1172, Goewermentsekretaris, inkomende stukke (buiteland : Basoetoland) : D. Masupha - Landdros Ladybrand, 24.7.1880.
- 27. *Ibid.*, D. Masupha - J.H. Brand, 28.8.1880 en B. Letsie - J.H. Brand, 5.9.1880.
- 28. *De Express*, 23.9.1880, korrespondent Ladybrand.

gebuit word en daardeur die grensburgers in gevaar stel, het die regering teen die einde van Oktober 1881 bepaal dat alle Basoetovee agt uur te perd (nagenoeg 50 km) van die grens af, dieper die binneland in verwyder moes word.²⁹ Die suksesvolle toepassing van hierdie maatreëls sou veral afhang van die samewerking van die grensburgers wat reeds (meestal teen vergoeding!) Basoetovee op hul plese toegelaat het,³⁰ boere wat plese dieper die binneland in besit het en die Basoetovlugtelinge self.

Indien eersgenoemde groep sou weier om die vee (en daardeur 'n verlies van inkomste) dieper die Vrystaat in te stuur, of die boere verder van die grens af onwillig sou wees om die vee te aanvaar, was die maatreëls tot mislukking gedoem. Ook die houding van die lojale Basoeto's sou bepaal in watter mate die skema sou slaag, aangesien baie van hul familiebetrekkinge nog in Basoetoland agtergebley het; en om te ver van die grenslyn af skuiling teen die rebelle te moet gaan soek, sou vir baie 'n onaanneemlike uitweg wees.

Om uitvoering aan 'n beleid te gee, is egter moeiliker as die blote formulering daarvan. Hiervan kon die veldkornet van Bethlehem getuig. Die getal Basoetovlugtelinge, veral vroue en kinders, het in hierdie geweste so drasties toegeneem dat hy hom buite raad tot die Vrystaatse regering gewend het. Sy klagtes teenoor die resident-magistraat in Leribe en die opdrag aan sommige Basoetokapteins om met hulle lojale onderdane en groot troppe vee na Basoetoland terug te keer, het steeds op dowe ore gevallen.³¹ Die antwoord van die Vrystaatse regering het die probleme ook geensins opgelos nie. Tydens 'n sitting van die Uitvoerende Raad is daar naamlik besluit dat Basoetovee in die distrik Bethlehem, ooreenkomsdig die regeringskennisgewing van Oktober 1880, tot op die voorgeskrewe afstand van die grenslyn verwyder moet word en dat dit die burgers op die gemoed gedruk moet word "dat zij geen vee meer moeten aannemen daar zij daardoor het land in gevaar breng".³²

Die resident-magistraat van Leribe moes vroeg in 1881 trouens erken dat die getal vroue en kinders van lojales wat na Vrystaatse grondgebied deurvlug, aansienlik toegeneem het. Hy het pres. Brand versoek om nietemin lankmoedig te wees teenoor die arme mense wat op wrede wyse deur die rebellemagte aangerand en vermink word. In sy betoog het hy ook melding gemaak van die moontlikheid dat hierdie vlugtelinge as arbeiders deur boere in die Vrystaat gebruik kon word.³³ Wat hy egter nagelaat het om te vermeld, was dat baie van hierdie vlugtelinge van hul posisie misbruik gemaak het deur die Vrystaat as basis te gebruik vir strooptogte op vee van rebelle in Basoetoland. Die veldkornet van Ficksburg het juis 'n klag van dié aard by die Vrystaatse staatshoof aanhangig gemaak en verklaar dat die situasie op die grens daardeur uiters gevaarlik geword het. Nie alleen het hierdie optrede van lojale Basoeto's grensboere blootgestel aan vergeldingsmaatreëls en diefstalle deur rebelle nie, maar dit kon meebring dat die Vrystaat hom eerlank midde-in die

- 29. V.A., G.S. 1607, ... : G.S.- Landdros Rouxville, 25.10.1880, p. 204; O.V.S. *Gouvernements Courant*, 27.10.1880.
- 30. V.A., G.S. 1172, ... : C.D. Griffith - J.H. Brand, 27.7.1880.
- 31. V.A., G.S. 20, Goewermentsekretaris, inkomende stukke (distrikte : Bethlehem) : J.H. Naudé - G.S., 17.12.1880, p. 37.
- 32. V.A., U.R.9...., 20.12.1880, p. 202; G.S. 1580, Goewermentsekretaris, uitgaande stukke (distrikte : Bethlehem) : G.S. - Landdros Bethlehem, 22.12.1880, p. 248.
- 33. L.A., L.2/1/2, ... : C.H. Bell - J.H. Brand, 2.1.1881, p. 138.

Basoetokonflik bevind — en van 'n neutrale standpunt sou daar dan geen sprake meer wees nie.³⁴

Die kwessie van Basoetovee wat na Vrystaatse grondgebied deurgejaag word, is in Februarie 1881 tydens die sitting van die Volksraad in behandeling geneem. 'n Konsep-ordonnansie, "regelende de behandeling van vee uit Basutoland in den Oranjevrystaat gedreven en daar bescherming genietende", is uitvoerig bespreek³⁵ en op 26 Februarie as ordonnansie 2 van 1881 deur die Raad goedgekeur. Die vernaamste bepalinge daarvan het grensboere verbied om enige verdere vee op hul plase toe te laat, terwyl diegene wat reeds sodanige Basoetovee vir beskerming aangeneem het, aangesê is om die diere minstens agt uur te perd van "de grenzen te doen verwijderen en daarvan kennis te geven aan den Veldcornet of Assistent Veldcornet van die wijk waarheen het vee gezonden wordt, met opgaaf van het getal en de zoort".³⁶ In aansluiting by hierdie maatreëls het pres. Brand 'n week later alle vlugtelinge gewaarsku om hulle stil en ordelik te gedra ooreenkomsdig die landswette van die Oranje-Vrystaat en niks te doen wat die orde en vrede van die grens of die veiligheid van grensburgers kon versteur nie.³⁷

In weerwil van al die voorwaardes en eise wat deur die Vrystaatse regering gestel is, het die toestand in sommige grensdistrikte nie verbeter nie. Basoetovlugtelinge in hul honderdtalle het intendeel voortgegaan om met hulle vee en ander eiendom asiel in die Vrystaat te kom soek. 'n Groep lojale Basoeto's wat die veiligheid opgesoek het van 'n plaas naby Ficksburg het byvoorbeeld oor die Caledonrivier gegaan, twee van die rebel Joel Molapo se veewagters in Basutoland vermoor, 24 van sy beeste gesteel en met die buit na die grensplaas in die Vrystaat teruggekeer. Joel het sy misnoë en ontevredenheid hieroor aan die veldkornet van Ficksburg te kenne gegee en gewaarsku dat indien die Vrystaatse regering nie stappe doen om hierdie wanpraktyk stop te sit nie, hy verplig sou wees om die wet in eie hande te neem en die lojale Basoeto's op Vrystaatse grondgebied te gaan aanval. Die waarnemende veldkornet het hierop by die landdros van Ladybrand om hulp aangeklop om 'n einde aan hierdie soort optrede deur die lojales te maak. Hy het voorts sy eie onvermoë om die vraagstuk op te los laat blyk en verklaar dat dit hom voorkom of die Basoetovlugtelinge hulle sou verset" indien ik hun wil of zal molsteer".³⁸ Hierdie ironiese opmerking beklemtoon opnuut die dilemma waarin veral die handhawers van wet en orde op die grens met Basutoland hulle bevind het. In plaas daarvan dat die veldkornet uit 'n gesagsposisie kon optree om die belang van die grensbewoners te beskerm, moes hy 'n byna apologetiese houding teen Basoetovlugtelinge inneem wat sy land se grondgebied wederregtelik betree, landswette verontagsaam en boonop 'n aanmatigende en uittartende gesindheid jeens hul weldoener openbaar het.

Houding jeens die Basoetorebelle

Die houding en beleid wat die Vrystaatse owerheid teenoor die strydende groepe

-
34. V.A., G.S. 775, Goewermentsekretaris, inkomende stukke (distrikte : Ladybrand) : J.D. Cilliers J.H. Brand, 2.1.1881, pp. 55-56.
35. O.V.S. Volksraadnotule, 25 en 26.2.1881, pp. 74-78.
36. O.V.S. Gouvernements Courant, 2.3.1881 (no. 1258).
37. *Ibid.*, 9.3.1881 (no. 1259). Vgl. ook *The Friend*, 10.3.1881.
38. V.A., G.S. 775,... : Wnd. veldkornet Ficksburg - Landdros Ladybrand, 7.5.1881, p. 183.

Basoeto's ingeneem het, onderstreep nogeens die feit dat hy hom sover moontlik van die konflik in sy swart buurstaat wou distansieer en nie bereid was om aktief daarby betrek te word nie. Namate die oorlogswolke oor Basoetoland al dreigender geword het, het baie van die rebelleleiers hul hoop op die Vrystaat begin vestig om hulle in die stryd teen die koloniale regering by te staan. Die Basoetoskrywer J.M. Mohapeloa maak in hierdie verband melding van die rebelle se strewe om op goeie voet met die bewindhebbers oorkant die Caledonrivier te bly, en beweer dat talle van hierdie leiers heimlik geglo het dat die Vrystaat ten behoeve van die "verontregte" Basoeto's sou optree.³⁹

In November 1880 toe hewige gevegte tussen rebelle en lojaalgesindes in Basoetoland digby die Vrystaatse grens gewoed het, het die rebelleleier David Masupha hom tot pres. Brand gewend en versoek dat 'n lisensie om wapens en ammunisie in die Vrystaat te gaan koop aan hom toegestaan word.⁴⁰ In ooreenstemming met die neutraliteitsproklamasie wat sowat 'n maand tevore in die Vrystaat uitgereik is,⁴¹ het Brand hierdie versoek egter geweier en Masupha gemaan om liewer 'n einde aan die rebellie teen die koloniale bewind te maak en hom te beywer vir die vreedsame beslegting van geskille, eerder as vir 'n gewapende verset.⁴²

Twee ander rebelle, Joel Molapo en Chitsa, het vroeg in 1881 persoonlik aan pres. Brand geskryf om hul verbasing en misnoë te kenne te gee omdat die regering van die Vrystaat eerder hulp verleen het aan die Kaapkolonie, wat hulle as 'n "gemeenskaplike vyand" van die Vrystaters en Basoeto's bestempel het, as aan die Basoeto's wat geweier het om aan die onbillike ontwapeningsbevel gehoor te gee. Joel Molapo het klem gelê op die hegte vriendskapsbande wat vroeër tussen sy vader en Brand bestaan het, en in geradbraakte Engels vervolg: "... as my father was to you, we are your children; we did not think that you can help the English ... we did think you can help us as we are your children".⁴³ 'n Ander groep rebelle het weer 'n versoek tot die veldkornet van Ladybrand gerig om die Vrystaatse staatshoof oor te haal om hulp aan die Basoeto-opstandelinge te verleen. Hulle het veldkornet Diederichs trouens gewaarsku dat die Engelse regering van voorneme was om oorlog teen die Vrystaat te verklaar sodra die stryd teen die Basoeto's iets van die verlede was.⁴⁴

Gedurende Maart 1881 het Lerotholi Letsie binne 'n week twee briewe aan Brand gerig waarin hy sy ontevredenheid uitgespreek het oor die wyse waarop die Basoeto's verneder is deur afstand van hul wapens te moes doen. Hy het pres. Brand van die goeie gesindheid van die meeste rebelle teenoor die Vrystaat verseker en verklaar dat hy eerder met die regering van die Oranje-Vrystaat sou saamwerk en

39. J.M. Mohapelo, *Government by proxy*, p. 64.

40. V.A., G.S. 1172,..... : D. Masupha - J.H. Brand, 23.11.1880.

41. Vgl. voetnoot 15 hierbo.

42. C.2821-'81,... : J.H. Brand - D. Masupha, 9.12.1880, p. 116; kyk ook A.A.J. van Niekerk, *Die gebeure wat geleei het tot die oornname van Basoetoland deur Brittanje 1878-1884*. M.A.-verhandeling, U.S., 1956, pp. 27-28.

43. V.A., V.R. 236, Bylae tot notule van die Volksraad, 1881 II : Joel Molapo en Chitsa - J.H. Brand, ongedateerd (ca. Februarie 1881), pp. 10-12; vgl. verder F.A. Barkly, *Among Boers and Basuto's*, London, 1893, p. 231.

44. V.A., G.S. 1173, Goewermentsekretaris, inkomende stukke (buiteland: Basoetoland) : Lerotholi Letsie, Alexander en Barend Letsie - A.P.J. Diederichs, 28.2.1881.

onderhandel as om hom aan die koloniale owerheid te onderwerp.⁴⁵

Deur toenaderings en versoeke van hierdie aard deur rebelle is die Vrystaatse regering in 'n moeilike posisie geplaas; want hoewel hy 'n beleid van neutraliteit jeans die oorlog in Basoetoland voorgestaan het, het hy tog meer as net vriendskaplike betrekkinge met die koloniale regering en lojale Basoeto's gehandhaaf. Nietemin het hierdie versoeke die regering 'n geleentheid gebied om die opstandelinge tot vrede en orde te maan en terselfdertyd 'n lansie vir die regering van die Kaapkolonie te breek. Gedurende sy sitting in Februarie 1881 het die Uitvoerende Raad die amptelike houding en beleid van die Vrystaat teenoor die strydende groepe in Basoetoland herbevestig. Daar is voorts besluit dat die leiers van die opstandige Basoeto's vermaan moet word om, ter wille van die vreedsame naasbestaan en goeie betrekkinge met die Vrystaat, "een einde te maken aan het gewapend verzet, en hunne grieven aan den Gouverneur der Kaapkolonie mede (te) deelen op een gepaste wijze, ... waardoor zij groote onheilen van Basutoland zullen awenden, en hun eigen geluk zullen bevorderen".⁴⁶

* * *

Ten spyte van sy standpunt van onverbondenheid en neutraliteit jeans die wapenbotsing in Basoetoland, kon die regering van die jong Boererepubliek helaas nie daarin slaag om hierdie vryblywende beleid deurgaans toe te pas nie - want terwyl daar van owerheidswéë indirekte en dikwels openlike hulp aan die koloniale troepe en lojale Basoeto's verskaf is, was daar talle Vrystaatse onderdane wat nou verwikkeld geraak het in die stryd en hulle aan die kant van die Basoeto's geskaar het wat in opstand was teen die ontwapeningsbeleid van die bewindhebbers in die Kaapkolonie.

Onderliggend aan hierdie houding by baie Vrystaters was hul antagonisme teenoor die Britse en koloniale regerings wat nie alleen verantwoordelik was vir die inpalming van Basoetoland (1868) en die Diamantvelde (1871) nie, maar in 1877 ook vir die anneksasie van die susterrepubliek noord van die Vaalrivier. Veral die Britse anneksasie van Basoetoland het diepe ontevredenheid en 'n gevoel van bitterheid by baie inwoners van die Vrystaat ontlok. Die omstandighede waaronder hierdie swart staat byna dramaties voor die neus van die Vrystaat weggeraap is toe dié op die punt gestaan het om die Basoeto's finaal te onderwerp, moes noodwendig lei tot 'n gevoel van vyandigheid teen die Britse magsvertoon. Hierdie antipatie het gevvolglik meegebring dat baie Blankes in die Oranje-Vrystaat uit weerwraak die kant van die opstandige Basoeto's teen die koloniale regering gekies het.⁴⁷

Reeds in 'n vroeë stadium van die botsings tussen die rebelle en lojales het sommige Vrystaatse burgers duidelike pro-rebelle-simpatieë openbaar. Nie alleen is wapens, ammunisie en ryperde aan die opstandelinge voorsien nie, maar rebelleleiers is ook deur grensburgers op die hoogte gehou van plase in die Vrystaat waar vlugtende lojales en hul vee skuilgehou het. Gevalle het selfs voorgekom van Vrystaatse inwoners wat oor die grens gegaan het om aan die kant van die opstandige

45. *Ibid.* : Lerotholi Letsie - J.H. Brand, 14.3.1881 en 20.3.1881.

46. V.A., U.R.9..., 12.4.1881, pp. 257-258; G.S. 1603... : G.S. - Landdros Ladybrand, 13.4.1881, p. 67.

47. K.A., G.H. 28/110, Government House, enclosures to despatches to Secretary of State : T.C. Scanlen - H.G.R. Robinson, 21.4.1881; J.M. Mohapeloa, *Government by proxy* ..., p. 71; F.A. Barkly, *Among Boers and Basutos*, p. 166; W. Greswell, *Our South African empire*, II, London, 1885, p. 93.

Basoeto's te veg.⁴⁸ Die nuusblad *De Express* het hierdie optrede van Vrystaters meestal vergoelik en by geleentheid onomwonne verklaar dat die inwoners van hierdie staat "can have, and will have no sympathy with the Colonial Government; they feel pity and commiseration for the unfortunate Basuto's".⁴⁹ Dikwels het dié blad weer gedien as mondstuk vir diegene wat hul misnoë teenoor die koloniale owerheid of hulle simpatie en goedgesindheid jeens die Basoeto's wou lug.⁵⁰

Die Vrystaatse regering kon weinig doen om hierdie uiters gevaaarlike praktyk - en byna onpatriottiese optrede - van sy burgers te verhinder of stop te sit. Inwoners is weliswaar in Oktober 1880 by wyse van 'n regergingskennisgewing verbied om op enige wyse in die oorlog betrokke te raak. Dog die feit dat die Vrystaatse regering nie oor die nodige middele beskik het om sy onderdane daadwerklik te verhoed om aan die kant van die Basoeto's in te meng nie, tesame met sy onvermoë om streng beheer uit te oefen oor die doen en late van sekere grensbewoners so ver van die regeringsetel en so digby die gevegfront, het aan baie Vrystaters 'n vrye hand en keuse gegee t.o.v. deelname aan die Ontwapeningsoorlog in Basoetoland. Dit moet trouens in gedagte gehou word dat baie inwoners van die Vrystaat daarvan oortuig was dat die Kaapse regering nie daarin sou slaag om die Basoetorebelle tot orde te bring nie en dat hulle eindelik as oorwinnaars uit die stryd sou tree. Dit sou dus voordeliger wees om hierdie groep Basoeto's se goedgesindheid te behou as om die vrienkskap van die getalsmindere lojales te verseker.

Slotbeskouing

Gesien teen die agtergrond van voorafgaande bespreking, is dit duidelik dat die Vrystaatse regering hom in 'n uiters delikate en onbenydenswaardige posisie bevind het weens die onrus en oorlog in sy oostelike buurstaat. By gebrek aan die nodige militêre slaankrag om die vlugtelinge-Basoeto's of die rebelle van sy grondgebied te weer, en deels uit vrees vir die koloniale regering wat hom in sowel ekonomiese as militêre vermoëns oortref het, moes die Vrystaatse bewindhebbers maar oogluikend toelaat dat sy territoriale integriteit geskend word.

Baie van sy burgers het die dilemma waarin die Oranje-Vrystaat hom bevind het bowendien vererger deur hulp te verleen aan die rebelle teen die koloniale regering en lojale Basoeto's, terwyl ander weer in weerwil van streng wetgewing daarteen, vlugtelinge en hul vee uit Basoetoland toegelaat het om op Vrystaatse grondgebied teen die rebelle te kom skuil. Wat meer is: die keuse vir die Vrystaat het eintlik gelê tussen hulp aan 'n beskaafde, wettige Blanke owerheid wat sy opstandige onderdane tot orde wou roep, en steun vir Basoetorebelle wat skaars twee dekades tevore as die "hereditary enemies" van die jong Boererepubliek beskryf is en in 'n reeks van drie oorloë met hom betrokke was.

48. A.22-'81.... : C.D. Griffith - J.G. Sprigg, 7.8.1880, p. 16; *The Friend*, 12.8.1880, redaksioneel, en 2.9.1880, korrespondent Ladybrand; K.A., G.H. 1/82, Government House, general despatches received from Secretary of State : Kimberley - G.C. Strahan, 9.9.1880; V.A., G.S. 774, ... : Landdros Ladybrand - G.S., 30.10.1880, p. 122; G.S. 891, Goewermentssekretaris, inkomende stukke (distrikte : Rouxville) Landdros Rouxville - G.S., 6.11.1880, p. 197; G.S. 19, Goewermentssekretaris, inkomende stukke (distrikte : Bethlehem) : T. Moodie - Landdros Bethlehem, 2.12.1880, p. 144; *The Friend*, 9.12.1880 en 17.2.1881, korrespondent Mafeteng.

49. *De Express*, 23.9.1880, redaksioneel.

50. *Ibid.*, 7.10.1880, korrespondent Ladybrand, 10.3.1881, "A true Free Stater", 16.6.1881, "A lover of justice", en 28.7.1881, redaksioneel.